social development

Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency

sassa SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY

2030 NDP

BLY VEILIG RED SUID-AFRIKA
SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN

DIE HEROPENING VAN U VKO-PROGRAM OF GEDEELTELIKE SORGFASILITEIT - **VEILIG, VERANTWOORDELIK, MAKLIK**

'n Vinnige gids vir gereedmaking

As u 'n VKO-program of 'n gedeeltelike sorgfasiliteit bestuur, vereis die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), dat u 'n selfassesseringsvorm invul om te bevestig dat u fasiliteit, die perseel, toerusting en u daaglikse prosedures aan die Departement se gesondheids- en veiligheidstandaarde vir COVID-19 voldoen. Hierdie vinnige gids gee 'n oorsig van wat u moet doen om dit suksesvol te doen.

DIE VINNIGE GIDS DEK WAT VERLANG WORD VIR:

Inligting & Kommunikasie

- Inligting oor hoe om voor te berei voor u oopmaak
- Kommunikasie benodig voordat u oopmaak
- Inligtingvereistes wanneer u oopgemaak het

Fisiese Voorbereiding

- Die fisiese area van u perseel/fasiliteit
- Skoonmaak
- Higiëne

'n Vroeë Kinderjare Ontwikkelingsprogram (VKO-program) beteken dat voorsiening gemaak word vir vroeë onderrig en ontwikkelings geleenthede, daaglikse versorging en ondersteuning aan kinders vanaf geboorte tot ses jaar, wat onder die Kinderwet regulasies val en die volgende insluit: 'n VKO-sentrum; 'n kinderoppasser; 'n speelgroepie; 'n speelgoedbiblioteek; 'n mobiele ontwikkelingsprogram vir vroeë kinderjare en 'n oueronderseuningsprogram.

INLIGTING OOR HOE OM VOOR TE BEREI VOOR U OOPMAAK

Algemeen:

- **U moet u eie prosedures vir u VKO-program of gedeeltelike sorgfasiliteit ontwikkel om die standaard prosedures en riglyne oor COVID-19 van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te implementeer.**
- U eie prosedures moet duidelik beskryf wat die aanpassings of veranderinge van u fasiliteit se daaglikse roetines sal wees, om die minimum maatreëls vir gesondheid, veiligheid en sosiale distansiëring met COVID-19 te akkommodeer volgens die vereistes van die Departement.
    - Dit moet prosedures en voorwaardes insluit met betrekking tot ouers om hulle kinders na u program terug te besorg, asook prosedures vir die aflaai en oplaai van kinders om te verseker dat die COVID-19 riglyne nagekom word.

Vir personeel:

- ‘n Beskrywing van die aanpassings of veranderinge aan die daaglikse roetines soos vereis word deur u eie prosedures.

Vir ouers:

- ‘n Algemene skrywe moet aan ouers gestuur word om hierdie prosedures en voorwaardes te kommunikeer.

KOMMUNIKASIE BENODIG VOORDAT U OOPMAAK

Wat alle personeel moet weet



- Alle personeel moet behoorlike oriëntasie ontvang oor die maatreëls wat toegepas moet word, voordat ‘n kind teruggeneem kan word in die program.
- Hulle moet bewus gemaak word van die bepalings wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vereis word.
- Hulle moet bewus gemaak word van u eie prosedures.
- **Nota:** personeellede wat in hoërisikokategorieë val, moet aangeraai word om nie terug te keer nie, tensy hulle ‘n doktersbrief het.

Wat ouers moet weet

- U moet ‘n algemene skrywe aan alle ouers stuur met betrekking tot die prosedures en voorwaardes vir die terugkeer van hulle kinders na u program, asook die aflaai en oplaai prosedures

INLIGTINGVEREISTES WANNEER U OOPGEMAAK HET

WAT SIGBAAR VERTOON MOET WORD:

- U program se Eie Prosedures moet uitgedruk word en duidelik teen die mure van u fasiliteit sigbaar wees.

INLIGTING WAT BESKIKBAAR MOET WEES:

- Siftingsvrae moet voorberei, uitgedruk en daagliks gebruik word.

HOE OM U FASILITEIT VOOR TE BEREI OM VEILIG TE WEES

Fisiese distansiëring:

- Die areas in u fasiliteit moet uitgelê of aangepas word om dit moontlik te maak vir kinders en volwassenes om ten minste 1 meter uitmekaar te wees.
- Dit geld ook vir hande was, toilet gebruik, water drink en eet.
- As u program meer as een groep/klas het, moet u ‘n skedule opstel vir buitenshuise speeltyd om te verseker dat die verskillende groepe/klasse nie meng nie.
- As u fasiliteit of enige deel daarvan gedeel word (byvoorbeeld speelgroepe/mobiele VKO-programme), moet u program ‘n toegewyde area hê wat nie toeganklik of ‘n deurloop vir ander persone, insluitende volwassens en kinders, is nie.

Ventilasie:

- U fasiliteit moet natuurlike ventilasie hê: vensters of deure wat kan oopmaak en oopbly om ventilasie te verskaf.



Isolasie:

- U fasiliteit moet oor ‘n isolasie-area beskik om leerders/personeel wat met COVID-19 simptome geïdentifiseer is, tydelik te kan akkommodeer.



Noodhulp:

- U fasiliteit moet ‘n noodhulpkissie hê, wat rubberhandskoene insluit.

WAT MOET SKOONGEMAAK WORD VOORDAT U KAN OOPMAAK

- Die fisiese area waar u program/ fasiliteit bedryf word, moet deeglik skoongemaak en ontsmet word, volgens die COVID-19 riglyne.
  - Dit is ook op van toepassing op alle onderrig- en leerondersteuningsmiddele, insluitend speelgoed, toerusting en apparate.



WATTER DAAGLIKSE VOORBEREIDING MOET GETREF WORD WANNEER U OOPGEMAAK HET

- By die ingang van u fasiliteit moet daar ‘n veilige area wees om hande te was met seep en skoon water of om hande te ontsmet.
- Daar moet maatreëls getref word om u fasiliteit daagliks skoon te maak en te ontsmet, volgens die COVID-19 riglyne.
  - Dit sluit in die daaglikse skoonmaak van onderrig- en leerondersteuningsmiddele, toerusting en apparate.



HIGIëNE

Die voorvereisteprosedures:

- BVoor u kan heropen, moet prosedures ontwikkel en in plek gestel word om basiese higiëne, insluitend die omruil van doeke, gebruik van potjies en die verwydering daarvan, te bestuur.

Water en fasiliteite vir persoonlike gebruik:

- Daar moet voldoende skoon water vir drink en handewas wees.
- Daar moet ‘n kraan, ‘n spuit, ‘n waterdispenser of iets soortgelyk wees om hande te was onder skoon lopende water wat maatreëls vir fisiese distansiëring moontlik maak.



Gesigsmaskers:

- Elke personeellid moet ten minste 2 wasbare lapmaskers hê.
- U sentrum moet ekstra skoon gesigmaskers (ongeveer 1 vir elke 10 kinders) hê om te gebruik in die geval waar ‘n kind met COVID-19 simptome gediagnoseer word.

Skoonmaakmiddels:

- Daar moet voldoende voorraad van skoon sneesdoekies of toiletpapier (in aparte stukke), wees vir die afvee van kinders se neuse.
- Daar moet voldoende seep, handondsmetting-, skoonmaakmiddels soos bleik- of ontsmettingsmiddels en doeke/ skoonmaak borsels, wees.



Nota: Handontsmetting- en skoonmaakmiddels moet duidelik vir die gebruik daarvan gemerk word en ten alle tye buite die bereik van kinders gestoor word.

Selfassesseringsprosedure

Die DMO se standaardbedryfsprosedures en -riglyne vir COVID-19, is beskikbaar op die departement se webtuiste: https://www.dsd.gov.za of by u plaaslike DMO-kantoor.

U selfassesseringsvorm kan aanlyn voltooi word by:
https://tinyurl.com/yd2dluv2

of verkry en ingehandig word by u plaaslike DMO-kantoor. Indien u nie self die vorm inhandig nie, maak asseblief seker dat die persoon wat dit namens u doen, ‘n bewys het dat hulle gemagtig is deur uself of u VKO-program of gedeeltelike sorgfasiliteit.

Op 10 Julie 2020 het die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling bevestig dat die departement sal voortgaan om die VKO-programme wat staatsubsidies benodig tydens die Nasionale Staat van Ramp, te subsidieer.

Die bedrag wat jaarliks aan die VKO-programme betaal word, is R3,1 miljard, en is veral gerig op Vroeë Kinderjare Ontwikkelingsprogramme in arm gemeenskappe.

Bou ‘n Omgee Gemeenskap. Saam.

social development
Department:
Social Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDA National Development Agency
sassa SOUTH AFRICAN SOCIAL SECURITY AGENCY
2030 NDP
BLY VEILIG RED SUID-AFRIKA
SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN